

Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org



Die geboortegesiedenis van Isak

Reeks preke oor die openbaring van die HERE se verbond en uitverkiesing in die geboortegesiedenis van Isak

Dr AH Bogaards

2013

Preek 8

Lees: Gen.32:1-21

Teks: Gen.32:9-12 (Isak: nr.8)

Datum:

Psalms: 86:1,2 + 3 + 4 + 7,8,9

1. Inleiding

Jakob word deur God **geroep** om terug te gaan na Kanaän. Dit was sy roeping. Maar wanneer hy gaan om sy roeping te vervul, word hy in die uitvoering daarvan in sy spore gestuit: Esau en 'n leër van 400 soldate ruk teen hom op. Sy roeping word skynbaar onmoontlik gemaak. Hy kom deur God se bevel om terug te gaan, in verskriklike gevaar. Sy lewe en die voortbestaan van sy gesin – van die kerk – word bedreig.

Onder die benouende omstandighede neem Jakob noodmaatreëls: Hy verdeel sy laer in twee, in die hoop dat as die een deur Esau verslaan word, die ander miskien nog kan vrykom.

Maar Jakob doen ook nog iets, iets veel en veel belangriker: Hy neem sy toevlug tot die HERE. In die nood van sy lewe buig hy sy knieë en hy bid.

Na hierdie gebed van Jakob kyk ons in hierdie preek en dan kom drie punte ter sprake:

1. Dit is 'n gebed tot die God van die verbond;
2. Dit is 'n gebed waarin gesteun word op God se verbondsbeloftes en bevele; en
3. Dit is 'n gebed waarin gepleit word op grond van God se genade.

2.1. Dit is 'n gebed tot die God van die verbond

Die gebed van Jakob is 'n besonder leersame gebed ook vir ons vandag. Ons kan maar gerus sê: Ons kom hier in die gebedskool van die Heilige Gees. Die Gees van God self wil ons hier gebedsonderrig gee. Laat ons daarom met groot aandag na elke deel van die gebed luister.

Reeds *die aanspreekvorm*, hoe Jakob die HERE aanspreek, is geweldig veelseggend. Jakob begin naamlik deur te sê: "o God van my vader Abraham en God van my vader Isak, o HERE...". Jakob sê nie net "o God" nie. Hy voeg daarby: o God "**van my vader Abraham en God van my vader Isak, o HERE**". Daar sit iets agter, agter hierdie feit dat hy God die God van sy vaders noem en dat hy hom aanspreek as HERE. Daarmee wil Jakob sê: HERE, U is tog die God wat met my vaders en met hulle nasate en daarom ook met my 'n verbond opgerig het. Daarmee wil Jakob sê: HERE, ek nader tot U, U wat U deur die verbond aan my vaders en daarmee ook aan my verbind het, U wat deur die verbondsluiting gesê het dat U die God van my vaders wil wees en dus ook my God.

Hierdie feit gee Jakob vrymoedigheid om met al sy nood en al sy angs tot die HERE te nader. God is vir hom geen vreemde God, 'n God wat ver van hom af staan en niks met Hom te doen wil hê nie. Inteendeel, in die verbond het die HERE Hom na Jakob toe neergebuig en Hom met die heerlike band van die verbond aan Jakob verbind. Daarom kan Jakob ook nou met kinderlike vertrouwe sy nood aan die HERE voorlê.

In die verband wil ek u aandag op 'n heel besondere deel van ons doopsformulier vestig. Daar lees ons naamlik wat dit beteken as ons **in die Naam van die Vader gedoop** word : Daarmee "betuig en verseël die Vader aan ons dat Hy 'n ewige genadeverbond met ons oprig (Genesis 17:7, Galasiërs 4:6-7), ons tot sy kinders en erfgename aanneem en ons daarom met alle goeie dinge wil versorg en alle kwaad van ons wil afweer of tot ons beswil beskik".

Is dit nie geweldig nie: Ons is eweneens in die verbond opgeneem. God het Hom ook aan ons verbind en ook ons as sy kinders en erfgename aangeneem. Daarom mag ons, net soos Jakob, as kinders met vrymoedigheid tot Hom nader.

Besef ons nog hoe 'n heerlike en skatryk Naam die Naam Vader is? Ja, want as ons God so aanspreek, mag ons die hele verbondsgeskiedenis voor ons geestesoog oproep. Dan mag ons dink aan die magtige Golgotageskiedenis, dan mag ons dink aan die bloed van die verbond en dat God ons aan Hom verbind het met die bloed van sy Seun. So 'n Vader, so 'n Verbondsgod het ons: 'n Vader wat alles vir ons oorgehad het, die kosbaarste, die dierbaarste. Dit moet ons

die grootste gebedsvertroue gee. Ons nader nie tot 'n God wat vir ons 'n vreemdeling is nie, maar 'n Vader.

Maar ons kom by die tweede:

2.2. Dit is 'n gebed waarin gesteun word op God se verbondsbeloftes en bevele

Kom ons luister aandagtig na Jakob se gebed. Hy bid: O HERE, u het my beveel: "Gaan terug na jou land en na jou familie, en Ek sal aan jou goed doen...".

Jakob herinner die HERE aan twee dinge: sy bevel en sy belofte. Hy sê eerstens: HERE, U het dit tog self **beveel**: "Gaan terug na jou land en na jou familie". Tweedens bring hy ook die HERE se **belofte** ter sprake. HERE, U het dit tog self belowe: "Ek sal aan jou goed doen". In vers 12 kom Jakob weereens terug by daardie belofte en dan spel hy presies uit wat met die HERE met daardie "goed doen" bedoel het, want Jakob bid: " (HERE) U het tog self gesê: Ek sal sekerlik aan jou goed doen en jou nageslag maak soos die sand van die see wat vanweë die menigte nie getel kan word nie".

In die lig van God se eie bevel en belofte hou Jakob vervolgens **sy nood** in vers 11 aan die HERE voor: " (HERE) Red my tog uit die hand van my broer, uit die hand van Esau, want ek is bang vir hom, dat hy sal kom en my doodslaan, die moeder saam met die kinders".

Jakob sê as't ware: HERE, as Esau in sy onheilige doel slaag, sal daar niks van u **belofte** kom nie. Hy wil man en muis doodslaan en wat sal dan word van die belofte van 'n nageslag soos die sand van die see in menigte? En hy bid: HERE, U het my tog **beveel** om terug te gaan na Kanaän. U het self die opdrag gegee. Wil U my nou ook help om U bevel uit te voer.

Dit is 'n heel besondere gebed hierdie. En weet u wat is nou so besonder daaraan? Die feit dat Jakob nie sommer willekeurig bid nie: Hy laat hom in sy gebed absoluut lei deur dit wat die HERE self gesê het, dit wat God self beveel en self beloof het. Ons kan maar sê: Jakob bid met die Bybel in die hand en met die Heilige Skrif in sy hart. God se eie Woord is die gids vir sy gebed.

Jakob steun in sy gebed op God se bevel en belofte Calvin noem dit **die twee pilare van die gebed**.

Heel prakties beteken dit vir ons vandag: Ons mag in ons gebede dink aan dit wat die HERE by ons doop ook aan ons beloof en beveel het.

Ons mag **eerstens** by die HERE 'n beroep doen op dit wat Hy in die uur van ons doop vir ons **BELOOF** het:

- Ons mag met vrymoedigheid bid: Here, skenk ons U vaderlike sorg. Ons mag in die nood van u lewe en in die stryd van ons bestaan vir die Here sê: Here, U het tog beloop om my Vader te wees. Wil u dan ook in hierdie swaar met ons wees en ook hierdie siekte en hierdie verdriet ons ten goede laat meewerk.
- Ons mag verder met kinderlike vertrouwe vra: Vergewe ons ons sondes. Here, U hét dit immers belowe toe U ons gedoop het in die Naam van u Seun dat U ons wil skoonwas in sy bloed.
- En ons mag as sy kinders steun op die belofte van sy Heilige Gees. Ons mag deur die gebed by Hom pleit dat Hy kragtens sy belofte deur sy Heilige Gees in ons sal werk, dat Hy ons die geloof sal skenk en die nuwe gehoorsaamheid.

Tweedens mag ons by die HERE 'n beroep doen op dit wat Hy ons **BEVEEL** het:

Jakob kom deur God se bevel in groot moeilikheid. Maar juis daarom, omdat God hom self beveel het om terug te gaan na sy land – juis daarom het hy in sy nood ook die grootste vrymoedigheid om die HERE te herinner aan sy eie bevel en om 'n beroep te doen op sy hulp. God se bevel bring ons dikwels in die nood. As ons ons Christenskap uitleef, kan ons op verset en teenstand stuit. Ampsdraers kan voor onoorkombare moeilikhede te staan kom in hulle ampswerk.

Maar dan mag ons soos Jakob bid:

- Here, U het ons self beveel om te wandel in 'n nuwe gehoorsaamheid. Wil U nou ook alles wat ons verhinder op ons pad van geloof en bekering uit die weg ruim.
- Here, U het my geroep in hierdie amp. Wil U my ook help om hierdie ampswerk te kan uitvoer.

Ons kom by die derde punt: die *pleitgrond* van Jakob se gebed. Of anders gesê: die rede waarom die HERE hom moet verhoor: En dan hoor ons:

2.3. Dit is 'n gebed waarin gepleit word op grond van God se genade

In vers 10 erken Jakob: "Ek is te gering vir al die gunste en al die trou wat U aan u kneg bewys het; want ek het met my staf oor hierdie Jordaan getrek en nou twee laers geword".

Jakob kyk in sy gebed terug op sy lewe. Hy dink aan alles wat hy uit die hand van die HERE ontvang het. God was so oneindig goed vir hom. Die dag toe hy oor die Jordaanrivier gevlug het na sy oom Laban, het hy niks anders as net sy staf in sy hand gehad nie. Vandag, soveel jare later, het hy twee laers geword. Nou is hy 'n skatryk man. Maar wanneer hy so terugsien op die weldade van God aan hom, kom Jakob tot die nederige belydenis: Daarvan het ek niks verdien nie. Ja, want hoe het hy nie gelieg en bedrieg nie; hoe het hy nie op eie lis vertrou om God se seën te bekom nie. Daarom erken Jakob: "Ek is te gering vir al die gunste en al die trou wat U aan u kneg bewys het...". Dit was alles genade op genade. God was dit geensins aan hom verplig nie.

Hierdie woorde is 'n belydenis van sy onwaardigheid. Deur hierdie geskiedenis op te haal, erken Jakob: **Ook nou verdien ek dit nie** dat U my sal verhoor nie. Intendeel, ek, my gesin, die kerk, verdien dit om deur Esau van die aardbodem weggevaag te word.

Daarom is Jakob se enigste pleitgrond in hierdie gebed God se genade. Hy bid as't ware: HERE, soos u in die verlede u onverdiende guns aan my bewys het, wil u dit ook nou genadiglik doen. Verhoor my uit genade alleen.

Wat kan **ons** aanvoer as gronde, as redes hoekom die Here ons gebede vandag moet verhoor? Heeltemal niks nie. Ook ons het alle reg op verhoring verbeur. Daarom bly daar vir ons eweneens net een pleitgrond oor: om soos Jakob te pleit om genade. Of om dit nog anders te sê: om te pleit om Christus wil.

In antwoord 120 van ons Kategismus bely ons: "Dit moet **die grond van ons gebed** wees, naamlik dat God deur Christus ons Vader geword het....". Deur Christus! Daar is geen ander grond nie, maar daar is ook geen ander grond nodig nie. Op die offer van ons Heiland staan ons gebed op 'n onwankelbare fondament. In Hom lê die waarborg en die sekerheid dat God sy beloftes aan ons sal vervul.

Maar daar is nog 'n kant in hierdie belydenis van Jakob wat ons nie moet miskyk nie. **Aan die eenkant** erken hy: Ek is al God se goedheid nie werd nie. Ek het dit hoegenaamd nie verdien nie. MAAR **aan die anderkant**, andersyds gee die geskiedenis van God se genade hom ook die vrymoedigheid om nou, ondanks sy onwaardigheid, te pleit om God se goedheid. Hy put moed uit God se genadige goedheid in die verlede en aangespoor deur God se genade in sy

donker verlede gaan hy in die hede van sy nood na God toe in die gebed – ondanks sy onwaardigheid.

Hierin is 'n ontsaglike groot gebedsles vir ons opgesluit. Ons sal moet leer om in ons gebedslewe ons te laat lei deur God se goedheid in die verlede. God se genade in die geskiedenis moet ons leer om met vrymoedigheid in die hede tot sy genadetroon te gaan. Kom ek sê baie presies vir u wat ek bedoel: Ons sal moet leer om te bid met ons gesig gerig op die geskiedenis van Golgota. Dit is God se geskiedenis met ons. God het sy Seun vir ons gegee – in die diepte van die hel. Daarvan het ons niks en heeltemal niks verdien nie. Intendeel, dit het God vir ons gedoen toe ons nog vyande was. En trek dit nou deur na die hede van u gebedslewe: As God u daar, op die plek van die hoofskedel, so ryklik begenadig het, so onverdien so alles en alles geskenk het, die heel, heel grootste wat daar is – sal Hy dan nie vandag ook na u luister en u versorg met alles wat goed is nie? Daarom, met die oog van die geloof vasgenaël op die kruis van ons Here, gaan ons met vrymoedigheid na God toe. Op Golgota kyk ons tot reg in God se Vaderhart.

Jakob het niks anders as sy staf in sy hand gehad toe hy vir Esau moes vlug nie, maar skatryk het hy teruggekeer – deur God se genade. En ons – ons het eweneens niks gehad nie. Deur die sonde het ons alles verloor – ons kindskap, ons saligheid. Maar op Golgota het God brandarm sondaars erfgename van die hemelse saligheid gemaak. So 'n Gewer is God. Laat ons daarom met vrymoedigheid tot sy genadetroon gaan.

3. Slot

Daar is geen ander fondament vir die gebed as God se eie beloftes en bevele nie. Daar is geen groter aansporing tot gebedssekerheid as Golgota nie. Daar is geen ander grond vir gebedsverhoring as die kruis nie.

AMEN